# CHRISTOFFEL FREDERIK JACOBUS MULLER (1916-1992)

F.A. van Jaarsveld

Prof. C.F.J. Muller, die bekende gesaghebbende oor die Groot Trek en die opkoms van die Nasionale Pers tot 1948, is op 26 Junie 1916 op Stellenbosch gebore en op 11 November 1992 (op 76-jarige leeftyd) in 'n vliegtuig onderweg na Kaïro aan hartverlamming oorlede en in Pretoria veras. Hy was uit 'n intellektuele familie afkomstig - die seun van dr. Tobie Muller, predikant, kultuurmens en Afrikanernasionalis wat in 1918 tydens die griepepidemie oorlede is, en sy eggenote, 'n dogter van ds. George Thom. Hy dra die naam van sy oupa, prof. C.F.J. Muller, 'n teoloog van die Universiteit van Stellenbosch.

Muller het sy laer- en hoërskooljare en universiteitstudie op Stellenbosch voltooi. In 1936 behaal hy die B.A. in 1938 die M.A. ('Die geskiedenis van die vissery aan die Kaap tot aan die middel van die agtiende eeu' (*Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1942*)) en in 1947 die D.Phil. (*Die Britse owerheid en die Groot Trek* (Kaapstad, 1949, 1963, 1969 en 1977)) - al dié grade asook die Sekondêre Onderwysdiploma met lof.

As houer van 'n Rhodesbeurs het hy in 1938-1939 onder leiding van prof. R. Coupland aan die Oxfordse Universiteit aan sy doktorsgraad gewerk; 'n studie wat weens die oorlog onderbreek en later onder leiding van prof. H.B. Thom voltooi is. 'n Baileybeurs, 'n Nuffield-Fellowship en 'n Carnegie-stipendium het Muller in staat gestel om in Brittanje, Nederland en Amerika ondersoek oor die Kaapse geskiedenis en die Groot Trek te doen, terwyl sy posisie as tydelike oorsese argivaris van die Staatsargiefdiens hom gedurende 1951-1954 in die VSA dokumente oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis laat insamel het, waaruit heelwat publikasies in artikelvorm te voorskyn gekom het.

In 1946 het Muller as senior lektor en hoof van die Departement Geskiedenis 'n eenmens-departement aan die Universiteit van Suid-Afrika geword, in 1954 professor en van 1961 tot 1963 het hy as dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte gedien. Hy het daar 33 jaar lank as departementshoof opgetree en 'n groot aantal studente met bekwaamheid deur die Magister- en Doktorsgrade gelei, waarvan sommige vandag landswyd belangrike universitêre posisies beklee. Ek onthou prof. Muller, my departementshoof van 1958 tot 1967, as 'n gestrenge, maar simpatieke akademikus wat sy dosente ewewigtig gelei en die beste diens uit hulle gehaal het. Muller het op 63-jarige leeftyd, 31 Augustus 1979, afgetree en 'n departement nagelaat bestaande uit 6 professore, 11 senior lektore, 10 lektore, 2 junior lektore, 1 sekretaresse, 2 tiksters en 4 400 studente.[1]

Hy kon terugkyk op 'n ryke en rype akademiese lewe, en was 'n persoon wat hoë aansien onder vakgenote sowel in die binne- as buiteland geniet het. W.Ph. Coolhaas van die Rijksuniversiteit te Utrecht het sy publikasies hoog aangeslaan en verklaar dat dit nie agterstaan by dié van enigeen van sy oorsese kollegas nie, baie intelligent geskryf is, en nuwe lig op sy onderwerp van ondersoek werp.[2] Muller se boeke is ongelukkig nooit in Engels vertaal nie, gevolglik het dit nie in internasionale kringe die erkenning gekry wat dit verdien het nie. Hy was 'n beskeie en nederige mens wat nie in die openbaar opgetree of in populêre tydskrifte gepubliseer of hom in teenstrydige dinge begeef het nie. Hy het gereeld aan sowel nasionale as internasionale historiese konferensies deelgeneem, onder meer twee keer in die VSA, twee keer in Brittanje en 'n keer in Australië. Erkenning vir sy werk word weerspieël in sy lidmaatskap van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden en die Suid-

1. M.C. van Zyl, 'Professor C.F.J. Muller: die einde van 'n era', *Kleio* 12(1 en 2), 1980, p. 2
2. *Tijdschrift voor Geschiedenis* 77(2), 1964, p. 242, en 89(2), 1976, p. 266.

Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, van wie hy in 1977 vir sy boek *Die oorsprong van die Groot Trek* (1974)[3] die Stalsprys vir Geskiedenis en in 1991 vir *Sonop in die Suide,*[4] sy studie oor die geskiedenis van die Nasionale Pers 1915-1948 die Stalsprys vir Kultuurgeskiedenis ontvang het. Hy was 'n lid van talle historiese verenigings.

Prof. Muller het 'n veertigtal of meer artikels oor die 18de en 19de eeuse Kaapse geskiedenis, maar veral die Groot Trektydperk en sy leiers geskryf wat op deeglike ondersoek en uitpluising van detail gegrond was. Enkeles was van besinnende aard; soos waarom die Groot Trek geslaag het en die Trek se historiografie en toekomsvoorstelling. Sy belangrikste boeke is *Die Britse Owerheid en die Groot Trek* (1949), *Die oorsprong van die Groot Trek* (1974), *Leiers na die Noorde* (1976), *Die Groot Trek in beeld* (1978), *Johannes Frederik Kirsten oor die toestand van die Kaapkolonie in 1795* (1960) en *Sonop in die Suide, geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948* (1990), 'n boek van 843 bladsye. Muller was redakteur vir *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (1969) wat etlike kere herdruk en in Engels vertaal is, waartoe hy 'n bondige bydrae oor die Groot Trek gelewer het. Ook het hy as redakteur opgetree vir *A select bibliography of South African history* (1966) met 'n supplement (1974) en 'n hersiene en aangevulde herdruk *South African history and historians - a bibliography* (1979). *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* en die Engelse vertaling daarvan is wyd en lank in veral universitêre kringe gebruik, nieteenstaande kritiek wat daarteen ingebring is omdat dit 'n algemene geskiedenis van Suid-Afrika uit blanke standpunt en te eensydig polities georiënteerd was. Muller was op uitnodiging van die Departement Buitelandse Sake besig met 'n boek oor dié departement se geskiedenis van 1927 tot 1948, waarvan sewe hoofstukke reeds voltooi was, toe hy onverwags deur die dood oorval is.

Prof. Muller se roem as een van die mees gerespekteerde historici van Suid-Afrika het in die eerste plek berus op sy Groot Trek-ondersoeke, wat nie net nuwe bronne ontgin en nuwe kennis gebring het nie, maar ook 'n hervertolking van die tradisionele beeld van dié gebeurtenis gegee het. Dit is deur sy verwetenskapliking gerasionaliseer en grondig ontleed, nie net wat oorsprong, oorsake en werkingsamehange betref nie, maar ook sy gevolge en betekenis. *Die Groot Trek in beeld* is 'n beknopte visuele geskiedenis wat tot 'n duidelike begrip van die tema lei. Muller het getoon dat hy nie net wetenskaplike werk oor die verwyderde verlede kon lewer nie, maar ook oor die eietydse kultuurgeskiedenis, soos blyk uit *Sonop in die Suide* wat wetenskaplik en stilisties op 'n hoë peil staan en veel van die gees en mentaliteit van die eerste helfte van die 20ste eeuse Afrikaners openbaar.

Die werk van prof. Muller getuig van die uiterste noukeurigheid in sy omgang met bronne en historiese oordeelvelling en word gekenmerk deur betroubaarheid, presiesheid, versigtigheid, ewewigtigheid en objektiwiteit, hoewel hy ons vooraf meedeel dat hy as Afrikaner skryf, wat sy sig op die Trek beïnvloed het. Die waarheid van die verlede was vir hom 'n eerste beginsel wat hy deur grondige ondersoek wou bereik en om daartoe te kom het hy onontgonne bronne opgespoor en benut. Sy werk het nie net nuwe lig op die Groot Trek gewerp nie, maar ook mistastinge reggestel en ons 'n suiwerder beeld van 'n konvensionele tema gegee.[5]

Christof Muller is in 1948 met Liebet Geldenhuys getroud, 'n dogter van wyle dr. F.E. Geldenhuys, 'n landbou-ekonoom. Uit die huwelik is vyf dogters gebore. Muller was 'n kranige sportman wat in tennis uitgeblink het, onder meer het hy die Westelike Provinsie en Noord-Transvaal op die tennisbaan verteenwoordig.

Sy heengaan laat 'n leemte in die historiese wêreld.

---

3. Vgl. my bespreking (anoniem) in *Hoofstad,* 7-3-1975, 'Die Groot Trek in breëre verband'
4. Vgl. my bespreking in *S.A. Historiese Joernaal* 24, Mei 1991, pp. 253-256.
5. B.J. Liebenberg, 'Professor C.F.J. Muller as historikus', *Kleio* 12(1 en 2), 1980, p. 13.